# HOOFSTUK VII.

## DIE KERK SE STANDPUNT INSAKE ONDERWYSBEHEER.

**INLEIDING:**

Waar ons in hierdie hoofstuk die kerk se aanspraak op mede-seggenskap oor die skool behandel, is dit essensieel om eers presies vas te stel wat verstaan word met Christelike onderwys.

Die opnening van 'n skool met 'n gebed en die lees van 'n paar versies uit die Bybel maak die skool nog nie Christelik nie. As godsdiens as vak in die skool gedoseer word, sal dit ook nie die skool Christelik maak nie, selfs ook nie al word dit deur ware Christene waargeneem nie. Net soos 'n Christen se Christelikheid nie tot Sondae beperk is nie, sal een lesuur per dag geen Christelike skool maak nie. 1)

Die Christelike onderwys is deurtrek van 'n Christelike lewensbeskouing. Die godsdiens word die rigsnoer, die bronaar, die alles beheersende norm, wat elke dag, elke uur en oomblik vir die onderwyser en kind moet voorlig op hul lewensweg. 2) "Alleen wanneer al genoemde dinge, nl. die doel, die leer omtrent die sielkunde van die kind, die leerplan, die klasmetode, die opleiding van die onderwysers en die beheer in lokale en wyer kring deurtrek is met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, dan is daar 'n Christelike skool" 3) Maar dit beteken nie dat die onderwyser emosionele druk op die kind mag uitoefen nie. Prekerigheid en moralisering moet vermy word. 4)

Dat elke Christenkind tuis voel in die besondere skool onder die medeseggenskap van sy besondere kerk, is die strewe. Dis ook die wyse waarop elkeen die beste sal lewer wat in hom is om te word.

## 2. DIE CHRISTELIKE OPVOEDING DEUR DIE EEUE.

### (a) CHRISTUS AS OPVOEDER.

Jesus, die Stigter en Hoof van die kerk, het geen skool gestig in die sin wat ons hom vandag ken nie. Hy het egter deur die onderwysing van sy dissipels en sy

1). Sien Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, Hs 1., Dl. 1.
2). Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 145 et seq.
3). Ibid., 18.
4). Banks: Educating towards a Christian Society, 62, 75.

groot liefde vir kinders, die weg vir elke skool en onderwyser aangewys. Die opvoeder kan o.a. die volgende van die Groot Meester leer:

1. Hy het kinders aangelok en liefgehad.

11. D.m.v. kragtige gelykenisse het hy moeilike begrippe kristalhelder voorgestel.

111. Hy het nie altyd die betekenis van sy gelykenisse onmiddellik aan sy dissipele meegedeel nie, en sodoende die geleentheid gegee om self eers daaroor na te dink.

1V. Hy het soms dinge aanskoulik voorgestel d.m.v. passende handeling (bv. die reiniging van die tempel; die voetewassing).

V. Hy het gewoonlik by die maklik verstaanbare begin om dit later toe te pas op, of uit te brei tot die moeilike; van die konkrete tot die abstrakte (bv. die gelykenisse).

V1. Sy onderwys is verder persoonlik, saaklik, opvoedend en vormend, waaragtig en eg, prakties en selfontdekkend. [1]

V11. Hy het sy dissipels elkeen afsonderlik sielkundig behandel.[2] Hy het sy diepe mensekennis gebruik om elke persoon na sy aard te behandel.

V111. Hy het met sy onderwys die siel bekeer tot 'n beter lewe; alle werke is beoordeel en geweeg in die weegskaal van die gesindheid. [3]

(b) DIE OU KERKVADERS.

Dit spreek vanself dat die eerste Christelike skole hulle uitsluitlik bepaal het tot die onderwys in die Christelike leer. Gevolglik het die kerkvaders hulle dan ook hoofsaaklik by die sedelike pligte van opvoeder en opvoedeling bepaal, veral m.b.t. die Christelike leer en kategetiek. Die vernaamste leerboek was die Bybel.

Ons som hier slegs enkele belangrike menings van enige van die ou kerkvaders op:[4]

1. PAULUS: 2 Tim. 3: 16, 17. Die hele skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot vermaning, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

1). Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 59 et seq.
2). Gerdener ens: Godsdiensonderwys vir Middelbare Skole, 440.
3). Barker: Church, State and Study, 144.
4). Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue, 72 et seq.

11. T.F.A. CLEMENS VAN ALEXANDRIË: In die opvoeder moet die bekende skooltoestande omgedraai word: Dis nie hier kinders wat wil groot word nie, maar 'n volwassene wat met die hulp van Christus weer die deugde van kinders moet verwerf: eenvoud, onskuld, reinheid en sagmoedigheid.

111. BASILIUS DIE GROTE: Elke misdaad moet op so'n wyse gestraf word, dat die straf 'n oefening in selfbeheer sal wees en sal lei tot verbetering van die kind, bv. as 'n kind gelieg of gevloek of baklei het, moet hy afgesonder word en vas; as hy gulsig is, laat hom bystaan as andere eet.

1V JOHANNES CHRYSOSTOMOS wys op die pligte van die Christelike huisvrou en op die opvoeding binne die ideale huisgesin: ouers is die apostels van hulle kinders; hul moet hul kinders van kleins af na God wend en hulle opvoed as burgers van die Hemel.

Soos Jesus hom verneder het tot die mens, om laasgenoemde op te hef, so moet die onderwyser hom verneder tot die peil van die kind om hom op te hef.

Soos Christus nie alles aan die dissipels openbaar het nie, en soms net die waarheid aangewys het vir hulle om te ontdek, so moet die onderwyser ook met sy leerlinge doen.

V. S.E. HIERONYMUS: Die kind moet nie berispe word as hy stadig vorder nie. Daar moet gesorg word dat lesse nooit so onaangenaam word dat die leerling daarvan afkerig word nie.

Vl. AURELIUS AUGUSTINUS: 1) Vernaamste in die opvoeding is selfbeheersing, onderwerping van alle kragte, drifte en hartstogte aan die heerskappy van die wil en die verstand wat op God gerig is.

Deur die fnuiking van die kinderlike speellus, deur die uitgeoefende dwang, is die onderwys daarop ingerig om die leerlus te dood.

Onderwys moet deurgaans rekening hou met die aanleg en belange van die kind. Die onderwys slaag slegs wanneer die kind aktief is. Die onderwyser moet baie vrae stel.

Augustinus het streng dissipline geëis. Die Christelike liefde moet altyd die opperste motief wees

1). Rombouts: Leerboek der Historise Pedagogiek, 41 et seq.

vir die straffende onderwyser. Geen wraak, haat of toorn mag die straf bepaal nie. Slegs as mens die toorn deur die liefde oorwin het, mag jy straf. Soos Johannes was hy 'n leraar van die liefde. Naas liefde was opgewektheid die vernaamste vereiste van die onderwyser.

Die goeie voorbeeld van die onderwyser is essensieel. Die gebed is onmisbaar. Eers bid, dan onderwysgee.

Die Heilige Skrif moet die sentrale skoolvak wees.

In sy jeug het Augustinus 'n onsedelike lewe gely, maar deur gebed en volharding het hy 'n uitstaande kerkvader geword. Baie van sy opvoedkundige beginsels het hul oorsprong gehad in sy rype lewenservaring.

(c) CALVYN.

Om sy opvoedingstelsel te verstaan, moet ons die grondbeginsels van sy leer kortliks aanstip.

Die Calvinisme lê nog meer klem op die Skepper en nog minder op die skepsel as die ander geloofsbelydenisse. God is die Albestierder in wie se diens ons staan, nie om ons ontwil nie, maar om Sy ontwil, nie sodanig om my saligheid nie, as om Sy verheerliking. Alles wat die Christen doen, moet gedaan word tot eer en verheerliking van Hom wie se naam ons dra - alles in die gees van liefde en toewyding. En dan is dit nie ons wat die werk aanbied nie, dis God wat ons in Sy diens gebruik. Ons kan die eg-Calvinistiese gees miskien beter verstaan uit die volgende strofes uit die mooi gediggie "Gebed" van die Calvinis, Bilderdyk:

" Geef, Vader! geef u onwetend kroost,
Het geen het zelf niet durft, niet weet
te vragen!
Ik buig my neêr; ik smeek noch kruis,
noch troost;
Gy, doe naar Uw ontfermend welbehagen!
Ja, wond of heel; verhef, of druk my neêr:
'k Aanbid U wil, hoe duister in myn oogen:
Ik offer me op, en zwyg, en wensch niet meer:
'k Berust in U, zie daar myn eenigst pogen!" 1)

In 1537 het Calvyn, ooreenkomstig sy godsdienstige beginsels, neergelê:

1). Dekker: Van Staring tot Gorter, 37.

Geleerdheid is 'n openbare noodsaaklikheid om die volgende redes:

1. om die nasionale welvaart te verseker;

11. die rein en suiwer bewaring van die kerk ;

111. die handhawing van die humaniteit onder die mense. [1]

Godsdiensonderwys moet die vernaamste plek in die leerplan van die laer onderwys beslaan. Tuis moet die kinders deur die ouers onderrig word in die Calvinistiese godsdiens en kategismus. Op skool moes hul die psalms sing opdat hul Sondags in die kerk die sang kon lei. Na die godsdiensonderwys word 'n vername plek toegeken aan die wêreldlike onderwys. Vir 'n volle kennis van die Bybel is die vrye kunste nodig, gevolglik moes die moedertaal, lees skryf, grammatika en rekene onderrig word.

Ons kom nou tot die moderne kampvegters vir Christelike onderwys, maar aangesien hulle deur die talryke aanhalings in die loop van die verhandeling reeds aan ons bekendgestel is, en om herhaling te voorkom, volstaan ons met bogenoemde beknopte opsomming.

3. DIE DORDTSE SINODE.

Om die Christelike opvoedkundige beginsels in die praktyk te kon toepas, het die kerk sy standpunt baie duidelik uiteengesit, veral wat die plek en pligte is van die kerk, staat, skool en huisgesin onderskeidelik.

Die opvoedingsplig rus in die eerste plek op die ouer, maar die kerk en die staat het ook sekere pligte in verband daarmee, en elk op sy eie terrein. Die Sinode van Dordrecht [2] besluit:

1. Daar moet 'n huis-, skool- en kerkkatkisasie wees.

11. Die skole moet deur die staat opgerig en onderhou word.

111. Die kerk moet toesien dat die onderwys op skool Christelik is.

1V. die ouers moet hul kinders gereeld skool toe stuur en toesien dat hul hul lesse leer.

Die Calvinistiese hervormers wou 'n Gereformeerde staatskool hê. Hierdie ideaal is ook in Nederland ver-

1). Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 141 et seq.
2). Art. 21.

wesenlik. Dis vandaar in 1652 na Suid-Afrika oorgeplant, waar dit voortbestaan het tot 1795. 1)

In die Dordtse Kerkorde lees ons i.v.m. die onderwys: "De Kerkenraden sullen alomme toesien, dat er goede schoolmeesters zyn, die niet alleen de kinderen leeren leesen, schryven, spreeken, en vrye konsten, maar ook deselve in den Godsaligheyd en in den Catechisme onderwysen." 2)

Die goeie skoolmeesters is goed as hulle in die eerste plek waaragtige Christene is, wat ook die wêreldlike onderwys op voortreflike wyse kan waarneem. Hulle moet nie die wêreldlike en Hemelse onderwys in waterdigte kompartement afhok nie. Eersgenoemde moet besiel word met die gees van die godsdiens. 3)

4. <u>DIE KERK SE AANSPRAAK OP MEDESEGGENSKAP OOR DIE SKOOL, SOOS GEBASEER OP SY DIENSTE IN DIE VERLEDE.</u>

In Suid-Afrika het 'n maatskaplike, kulturele en godsdienstige wonderwerk geskied. 'n Volk beweeg ooswaarts die wildernis in met sy wa , sy roer en sy Boek. In die grote eensaamheid en isolasie van alle beskawingsinvloede, bly hierdie volk tog nog godsdienstig-beskaafd. Dis 'n unieke gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld. Ons kan die kerk, maar veral die Calvinisme, daarvoor dankbaar wees.

In hierdie paragraaf som ons enige van die tallose dienste op wat die drie-eenheid: kerk, leraar en Bybel aan die Afrikanervolk bewys het.

Baie van die feite wat hieronder verskyn, is reeds onder ander hoofde bespreek. Die herhaling kan nie vermy word nie, maar word tot die absolute minimum beperk deur hierdie opsomming uiters beknop te maak.

(a) <u>DIE KERK.</u>

<u>Sy MOEILIKHEDE:</u>

1. Die anglisasie of denasionalisasie het die kerk swaar getref. Nie alleen moes die kerk die stryd aanknoop om die behoud van wat nog Hollands in homself was nie, maar ook om die algemene ontaarding van die volk te strem.

1). Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 145.
2). Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel....5. Dordtse Kerkorder, Artikel 21.
3). Die Gereformeerde Beginsel....5. ontleding van Art 20.

ll. Sy gemeentes was oor die algemeen baie behoeftig en dit het selde gehelp om by die staat aan te klop. [1)]

lll. Hy het onder die staat gestaan, sy leraars is deur die staat besoldig en was amptenare. [2)]

lV. Hy had te kampe met die groot ongeletterdheid en onkunde van die binnelandse bevolking.

V. Daar was plaaslike moeilikhede soos lang afstande, slegte middele van verkeer en 'n ylverspreide bevolking.

Vl. Die kerk moes, ten gevolge van die staat se laksheid, teen sy eie beginsels in, sy eie skrale fondse vir die onderwys afstaan. [3)]

Vll. Daar was 'n groot tekort aan predikante, en die tekort aan onderwysers het dit vir die leraars nog moeiliker gemaak.

Laat ons nou 'n paar mooi dinge, wat die kerk gedoen het, opsom:

Die Calvinistiese kerk mag haar lidmate nie ongeletterd aanneem nie. Deur eenvoudig te weier om persone aan te neem wat nie kon lees en skryf nie, het die kerk die Afrikaner van onalfabetisme gered. [4)]

Byna ieder vooruitstrewende maatreël i.v.m. die staatstelsel, (wat sekulêr is), het sy ontstaan daaraan te danke dat die kerk onvermoeid daarop aangedring het. [5)] - bv. inrigtings vir hoër onderwys, 'n normaalkollege, 'n stelsel van verpligte onderwys, koshuise vir behoeftiges, onderrig in die moedertaal en beroeps- en vakopleiding.

Die kerk het verskeie kere kommissies aangestel om onderwyssake te ondersoek en te probeer verbeter.[6)]

In 1827 stuur die Ring van Graaff-Reinet 'n versoekskrif aan die regering om 'n skool in elke voldkornetskap van die ring te stig, omdat die afstande te groot was vir die kinders om te loop. Die regering het geantwoord dat daar nie fondse was nie. Dis slegs 'n voorbeeld van hoe die kerk hom beywer het vir die stigting van skole. [7)]

1). Greyling: Die N.G. Kerk en die Armsorg, 6.
2). V.d. Merwe: Die Trekboer in die Gesk. van die Kaap kolonie, 204.
3). Graves: A Student's History of Education, 144.
4). Malherbe: Education in South Africa, 109. Venter: die
4). Verband tussen Kerk en Skool, 10.
5). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 51 et seq.
6). Kaapse Kerkargief: S.5, 320.
7). Theal: Records XXXlV, 412.

In 1790 het die Kaapstadse Kerkraad besluit om jaarliks 25 rds te gee om behoeftige bejaarde persone in die geleentheid te stel om te leer lees en skryf by meester Christiaan Mens. 1)

Daar is op die Sinode van 1834 besluit om die verskillende gemeentes te vra om jaarliks iets by te dra vir die onderwys. Ds. Fraser het 'n jaarlikse kollekte vir die doel voorgestel in al die gemeentes. Hierdie fonds sou deur 'n kerklike kommissie beheer word. 2)

Die kerk het ook sulke sake, soos bv. die verskaffing van skoolboeke, gereël. In 1811 is deur die Lutherse gemeente bv. £ 615 se skoolboeke verkoop. 3)

Die kerkgebou is dikwels ter beskikking van die onderwys gestel. 4)

Die kerk het noukeurige sorg bestee aan die opvoeding van minderbevoorregte kinders. 5)

Die kerk het nie alleen simpatieke toesig oor die onderwys van die hele land gehou nie, maar was ook die groot kampvegter vir moedertaalonderwys. 6)

(b) <u>DIE PREDIKANTE</u>.

"Again the ministers of the Church are in the position to study educational needs in a disinterested way. They know the nature and requirements of the people; they are not necessarily concerned with ulterior interests, and they are, as a rule, in daily contact with the working of the educational machinery." 7)

Gewoonlik was dit die predikante van die N.G. Kerk wat i.v.m. die onderwys die bal aan die rol gesit het. 8)

By die stigting van nuwe skole was dit die predikante wat die leiding moes neem. Die plattelandse bevolking was óf onverskillig óf hulle het nie die prosedure verstaan nie. Die bydrae van die predikante

1). Spoelstra: Bouwstoffen 11, 336.
2). Kaapse Kerkargief, S.7, Nr.19, 210.
3). C.O. 93, 1812.
4). Blue Book 1839: The Cape of Good Hope, 221.
5). du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 296.
6). Coetzee: Vraagstukke....111.
7). Malherbe: Education in South Africa, 109.
8). Malherbe: Education in South Africa, 114.

op die platteland op hierdie wyse, kan nie oorskat word nie.[1]

Daar is weinig inrigtings vir hoër onderwys wat nie deur die toedoen van een of meer predikante gestig is nie. Ons dink aan die stigting van die "Zuid-Afrikaanse College" in 1829, [2] en van die Victoria College te Stellenbosch. Ds Andrew Murray kom die eer toe vir die stigting van die "Hugenoten Seminarie" te Wellington. "Ds. Murray verlangde dat er ook in Zuid-Afrika so 'n stichting in 't leven zou worden geroepen, een school namelyk waarvan het hoofdbeginsel sou zyn: De vreeze des Heeren is het beginsel der wetenskap." [3]

Voorbeelde van die ywer en volharding van leraars om skole gestig te kry, is te veel om te noem. By verskeie geleenthede, soos bv. in die Albanie afdeling, het die predikante self skoolgehou. Dr Roux het hier in 1834 aan die pastorie onderwys gegee. [4]

By Groot Drakenstein is 'n sendingskool gestig en gehou deur ds Stegmann. Die oorgrote meerderheid van die leerlinge was egter die kinders van vrygestelde slawe. [5]

James Edgar was die meester en die leraar van die afdeling van Somerset (Hottentots-Holland). Hy het die helfte van sy salaris bestee om die kerkskuld af te betaal en het boonop 'n assistent betaal.[6]

Vanaf die dae van die heel eerste predikant aan die Kaap het die meeste leraars hulle beywer vir die onderwys. Di. Herold en Moorrees het hul besonder beywer vir die stigting van 'n normaalskool. [7]

Op die Raad van Skolarge en later op die "Bible and School Commission" het predikante steeds die leidende aandeel geneem. [8]

Die predikant was ipso facto die inspekteur in die vroegste tye. Die eerste eintlike gesalarieerde inspekteur was ook 'n predikant. [9]

---

1). Ibid., 89.
2). Marais: Gereformeerd Maandblad, Nov. 1897, 113.
3). "De Unie", Julie 1905, 23.
4). The Cape of Good Hope Blue Book 1843, 256.
5). Ibid., 256.
6). Ibid., 1839, 219.
7). Kaapse Kerkargief, 85, 319; sien ook: Fouche: Onze Eerste Scholen, De Unie, Julie 1910, 19.
8). du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 292.

Die lof, wat die kerk toegeswaai word in hierdie verband, kom grotendeels aan die leraars toe. Hul het die voortou geneem.

(e) DIE BYBEL.

Die Afrikaner is baie gesteld op sy Bybel. Wanneer hy "boeke vat" is sy Bybel dikwels in 'n besondere leer- of linnesakkie. Ook spaar hy selde geld wanneer hy 'n Bybel koop. Op 17 Feb. 1820 skryf Mary Moffat, die vrou vandie beroemde sendeling, vanaf Beaufort Wes aan haar ouers: "I think I never saw so many fine-looking Bibles in my life as since I came to Africa. They seem to take a particaular pride in them."[1)]

Vir baie jare kon die kerk min aan sy verspreide kudde in die binneland doen. Die Bybel het dus meer daartoe bygedra om die Boere se godsdienssin in stand te hou as die kerk self. [2)]

Die Bybel was in die Afrikaner se gesinslewe die Woord van God, 'n skoolboek, die maatstaf van goedheid en waarheid en verhewe ideale. Dit was die bron van Kultuurontwikkeling en beskawing. [3)] Dit was die spil waaromheen al sy menings oor allerlei sake gedraai het. Mens kan 'n denkbeeld vorm van hoe die Bybel die Boer se doen en denke beïnvloed het as ons van gevalle lees waar die Boer geweier het dat sy kind ander aardrykskunde leer as die van Palestina en geen geskiedenis behalwe wat in die Bybel voorkom nie. 'n Ander was baie onwillig om sy kinders skool toe te stuur - Dawid was 'n skaapwagter wat nooit skool toe gegaan het nie, en nou sê "Die Patriot" hulle moet hulle kinders skool toe stuur! [4)]

Vir baie jare was elke skool in die binneland 'n eenboekskool, en die eenboekskool het van ons voorvadere gemaak 'n eenboekvolk, godsdienstig, en Bybelvas soos geen ander op aarde. [5)]

Mansvelt sê dat die Bybel veel daartoe bygedra het om Hollands in die ongelyke stryd teen die deur geld, mag en mode gesteunde Engels van ondergang te bewaar. [6)]

1). Moffat: The Lives of Robert and Mary Moffat, 71.
2). V.d. Merwe: Die Trekboer.... 249; Nepgen: Die Sosiale Gewete....59.
3). Nepgen, 62, 144.
4). Golightly: Reminiscences of a South African School Inspector, 63, 64, 65.
5). Fouche: Die Unie, Julie 1910, 20.
6). Mansvelt: Het Onderwys in Zuid-Afrika, 15.

Die Protestant glo dat hy sy Bybel selfmoet lees. Hierdie geloof het die volk van onalfabetisme gered. Dis juis om die Woord van God, die Boek der Boeke, te kan lees dat daar destyds, en veral op die platteland ooit skole of goewernante was. [1] Meiklejohn sê dat die Christelike godsdiens 'n boekgodsdiens, 'n "geleerde" godsdiens is, en aangewese op die opvoedkundige proses. [2]

En was boekevattyd nie ook in sekere sin skooltyd nie? Die geskiedenis was wel Bybelgeskiedenis, maar die Trekker het sy eie daarin weerspieël gesien. [3] Die Bybel is nie alleen 'n kennisboek nie, maar ook besit dit die allerhoogste etiese opvoedingskrag.

5. DIE KERK SE AANSPRAAK OP MEDESEGGENSKAP OOR DIE SKOOL, GEBASEER OP LOGIESE REGVERDIGHEID.

Die kerk is outonoom. Hy staan onder God self. [4] Die staat is, in sover dit aan mense gegee is om hulself te bestuur, en in sy verhoudinge tot ander instellings en staatsgemeenskappe, oppermagtig. [5] Albei het die skool nodig en albei maak aanspraak op seggenskap oor die skool. Die staat het egter geleidelik alle seggenskap oor die skool ingepalm, [6] en dit nieteenstaande die feit dat die godsdienstige onderwys terselfdertyd die doel van die staat dien. [7]

(a) DIE STAAT SE STANDPUNT.

Die bewering van Bavinck dat die ongeleerde burger 'n dooie gewig op die gemeenskap kan wees ( sien hieronder), kan maar alte goed in ons land bewys word. In armoedige streke verlaat 90% van die kinders na Std Vl die skool. [8] Armblankedom is feitlik sinoniem met ongeleerdheid.

Die staat moet beskerm word teen gevare van buite en van binne. Teneinde 'n eensgesinde nasionale front te kan vorm, is dit essensieel om die jeug patriotisme in te boesem, want die voortbestaan van die staat moet verseker word. Maar die volk kan van 'n beginsel alleen

1). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 14
2). Meiklejohn and Smith: Religion and Education, Vll.
3). Lamar Middleton: The Rape of Africa, 41.
4). Kuyper: Het Calvinisme, 77.
5). Laski: Foundations of Sovereignty, 12.
6). Coetzee: Inleiding tot die Alg. Teoretiese Opvoedkunde, 219.
7). Ibid., 284 et seg.
8). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 295.

nie leef nie: dit moet ook uitgeleef word in arbeid en produksie. Daar moet beroepsonderwys en ambagskole wees. Die mens se sosiale aanpassing en sy uitlewing van sy nasionalisme moet deur die skool ten doel gestel word. 1)

Nasionalisme is die siel van 'n volk se kultuurlewe: "Ausserhalb der Nationalität gibt es weder kunst, noch Wahrheit, noch Leben," sê die groot Russiese skrywer-kunstenaar Turganov. 2) Die kenmerk van 'n volk is sy patriotisme. 3)

En die bronaar van nasionalisme is eenheid van siel en sin: "'n Nasie is 'n organiese eenheid met 'n definitiewe bestemming en funksie, taak of roeping, en die bronaar van nasionalisme is eenheid van siel en sin."4) 'n Volk kan nie bekostig om hierdie beginsel te verwaarloos nie en die skool is die aangewese kweekplek daarvan.

Die staat is 'n skakel in die godgerigte koers van die geskiedenis, <u>en is natuurlik aan die aard van</u> die mens. 5) Daar was hewige kritiek op die begrip "Nasionalisme": "Most powerful of the inducements to war is the invention of a mystic abstraction, "The country". Die hersenskim is die wortel van grootskaalse misdaad wat verdoesel word met die opvatting: "My country right or wrong". 6)

## (b) <u>DIE KERK SE STANDPUNT.</u>

Maar dis nie die kerk se opvatting nie. Die kerk wil aan die keiser gee wat syne is en aan God wat Hom toekom. By Calvyn is onderdanigheid aan die owerheid sterk. Dis vir hom 'n gesag afgelei van die soewereiniteit van God. 7)

Die staat mag egter nie die alleen-seggenskap oor die onderwys hê nie, en mag nie nasionalisme as sodanig kweek sonder in agneming van godsdiens nie. Nasionalisme sonder godsdiens is sinloos, leeg, opgeblase en gevaarlik. 8)

Opvoeding vir burgerskap is nie 'n genoegsame basis vir 'n opvoedingstelsel nie. "If good citizenship comprehends

1). Nepgen: Die sosiale Gewete v.d. Afr., 176.
2). Kok: D.F. Malherbe: Die Mens en sy Kuns, op die voorblad aangehaal.
3). Coetzee: Nasiewording in S.A., 17.
4). Coetzee: Politieke Groepering in die Wording van die Afrikanernasie, 4.
5). Barker: Church, State and Study, 142.
6). Banks: Educating towards a Christian Society, 58
7). du Plessis: Die Staatsteorie van Jean Calvyn, 72, 73.
8). Diedericks: Nasionalisme as Lewensbeskouing, 62 et seq.

all forms of goodness- moral, intellectual and aesthetic- then the word "citizenship" is both unnecessary and misleading. In that case we must alter the slogan from "Education for Citizenship" to "Education for Goodness" and start on the old enquiry as to the nature of goodness ...... Education for citizenship is an adequate basis for education only in the totalitarian and materialistic state." 1)

( dan is die staat die enigste en die hoogste goed.)

Diegene wat meen dat nasionalisme onversoenbaar is met die Christelike beginsels, wys op die euwels van Chauvinisme, die ernstige gevolge van selftugtige nasionale aspirasies, oorlog, intrige, verdrukking, imperialisme. Hierteenoor is daar 'n geweldige mate van heilsame ontwikkeling van die beskawing, kultuur, kuns, wetenskap, nywerheid, gesondheidsmaatreëls, ens.
Nasionalisme kan tot groot euwels lei. So het ook 'n wanopvatting van die Christelike godsdiens tot bloedige oorloë en wrede vervolging gelei. In die groot skema van dinge moet ook die negatiewe dien om daardie groot goddelike doel waarheen die hele skepping beweeg, te bereik.

In die meeste nasiestate was die godsdiens een van die fundamentele vormende magte by die geboorte van die nasiestaat, en nog altyd is die beste Christen die beste burger.2)

Die kerk maak verder aanspraak op mede-seggenskap oor die skool op die volgende logiese gronde:

1. Die kinders van die kerk se lidmate word deur die staat verplig om die skool by te woon. Dan behoort die kerk van sy kant die reg te hê om te eis dat die opvoeding sal geskied volgens die kerk se geloofsbelydenis en in die gees daarvan.

11. Aangesien God die kind aan die ouer gegee het, en aangesien die ouer 'n gelofte aan God gedoen het om sy kind op te voed of te laat opvoed, het die ouer eintlik alle seggenskap oor die kind se opvoeding. Aangesien die gesin egter nie in staat is om die kind tuis 'n volledige opvoeding te gee nie, is, of behoort die skool te wees, 'n

1). Blamires: Repair the Ruins, 136.
2). Barker: Church, State and Study, 142
Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoetiese Opvoedkunde, 295.

voortsetting van die opvoeding tuis in dieselfde gees. [1] Aangesien die ouers egter lidmate is van die kerk van die God aan wie hulle die gelofte gedoen het, is die kerk die aangewese liggaam om die gees van die opvoeding van die kinders van sy lidmate te bepaal. Die kerk se seggenskap is dus gegrond op sy seggenskap oor ouer, onderwyser en kind as sy lidmate. [2]

111. Dit spreek tog vanself dat die opvoeding tuis en in die skool albei die produk van een lewensbeskouing behoort te wees. Aangesien die opvoeding in die skool so'n getrou moontlike beeld moet gee van die opvoeding in die Christelike huisgesin, spreek dit ook vanself dat die ouer die beheer moet hê oor die skool teneinde die godsdienstige gees daarvan te kan bepaal. Die ouer kan en behoort egter hierdie reg aan die kerk af te staan. [3]

1 V. Dis die werk van die staat as dwanggesag om die kerk, kulturele en ander instellings in die samelewing te beskerm. [4] Hy moet middele daarstel tot die vrye uitlewing van die hoogste wat in sy burgers is om te word. In die moderne nasiestaat kan die staat nie vir enige besondere kerk kant kies nie - Hy moet nutraal staan. Die staat kan dus nie die godsdienstige gees in die skool bepaal nie. [5] En tog het die staat dit gedoen. Daar moes as 't ware "Neutrale" godsdiens aan ons skole wees, los van enige leerstelling of kerk. [6] En as die kind ( of sy ouers) dit verkies, kan hy eenvoudig die klas gedurende die godsdienslesuur verlaat. Die Roomse ouer mag noodgedwonge sy kind na 'n oorwegend Protestantse skool stuur, waarop die staat 'n Jood aangestel het.

Die staat het dus die ouer se seggenskap afgeneem; die besondere godsdiens van die ouer uit die skool geweer; die Calvinistiese leer van soewereiniteit in eie kring verkrag; en die godsdienstige Boerevolk van 'n groot voorreg beroof: die godsdienstige opvoeding in die skool.

1). Coetzee: Ds S.J. du Toit en die Onderwys, 39,42 et seg.
Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Pol., 44.
2). Koers in die Krisis: Coetzee: Die Skool... 326 et seg.
3). Venter: Die Verband tussen Kerk en Skool, 107.
Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Pol., 53.
4). Clarke: Essays on the Politics of Education, 39-41.
5). Koers in die Krisis, 328; Meiklejohn ens: Religion and Education, 4 et seg; Venter: Kerk en skool in S.A. 108; Coetzee: Ds S.J. du Toit en die onderwys, 151 et seg. 163.
6). Blamires: Repair the Ruins, 38.

Maar as daar nou op dieselfde skool meer as een geloofsbelydenis toegelaat word, is 'n godsdienstige botsing baie waarskynlik. Dit het al in 1830 gebeur. Golding skryf die val van die Suid-Afrikaanse Kollege toe aan die poging om godsdiens daarin in te voer: "so long as they are determined to force religious instruction into public schools, consisting of different denominations of Christians, so long will they introduce the seeds of discord and destruction." 1)

Die staat moet hom dus by sy eie besondere sfeer bepaal. Hy mag hom nie met die godsdienstige onderwys inmeng, nog dit, omdat dit 'n moeilike probleem oplewer, verwater tot 'n blote neutraliteit of formaliteit. As die staat hier mag uitoefen, is dit aangematigde mag want, "nooit bezit de eene mensch macht over een ander mensch, anders dan door een gezag dat uit de majesteit Gods op hem is afgedaald." 2) En uit die aard van die saak kan die staat geen aanspraak daarop maak dat God hom die reg gegee het om godsdien te ondermyn nie.

Teneinde dan die Calvinistiese beginsel van soewereiniteit in eie kring tot sy reg te laat kom en aan staat, kerk, ouer en kind elk te gee wat hom toekom, sodat God kan kry wat Hom toekom; teneinde elke kind te laat tuis voel in 'n skool wat soos sy ouerhuis is; teneinde vir ons volk die beste wat hy uit die verlede bewaar het, sy godsdiens, te behou; ten-einde godsdienstige geskille in ons skole te vermy sonder dat dit nodig sal wees om die godsdiens daarin te verwater of te "neutraliseer", en teneinde die agterstand wat deur 'n eeu van godsdienstige agteruitgang veroorsaak is te probeer inhaal, moet 'n skoolstelsel van Vrye Groepskole toegepas word: skole van kinders van ouers wat dieselfde geloofsbelydenis aanvaar. 3)

(c) VERLANG DIE AFRIKANER 'N CHRISTELIKER SKOOL AS DIE NEUTRALE STAATSKOOL?

Daar is egter selfs in Christelike kringe geen eensgesindheid oor hierdie saak nie. Laat ons, (om maar argumentshalwe een te kies), die geval van Nepgen probeer weerlê. Hy meen dat die sosiale gewete van die Afrikaner nie sterk voel vir kerklik gekontroleerde skole nie. Die onderwys is die saak van die staat. Solank

1). Golding: State of Education at the Cape of Good Hope, 1841, Voetnoot by aanhangsel 2. Ek onderstreep.
2). Kuyper: Het Calvinisme, 77.
3). Koers in die Krises: Coetzee: Die Skool....., 330.

as die staat die godsdienstige gevoelens van die ouers eerbiedig, en die onderwysers mede-Afrikaners is wat die kerklike tradisies hoogag, maak die gewone Afrikaner geen beswaar teen die bestaande stelsel van staatskole nie. Hy soek om met die staat meer doeltreffend saam te werk. [1]

Terwille van die opheldering van ons standpunt, voer ons die volgende argumente aan:

1. As die gewone Afrikaner geen beswaar teen die bestaande stelsel van neutrale staatskole maak nie, is dit omdat die saak nog nie pertinent onder die volk se aandag gebring is nie. Die intelligentsia van ons volk weet dikwels weinig of niks van hierdie saak af nie; die "gewone burger" verkeer in onsalige onkunde daaromtrent.

11. Die volk is nog nooit geraadpleeg nie. In hierdie land het geen kandidaat vir die Volksraad nog ooit hierdie saak gepropageer nie. In Nederland bestaan daar 'n politieke party wat hom vir hierdie beginsel beywer.

111. Die volk het geslagtelank geen ander stelsel geken nie, en kan dus geen vergelykende oordeel vel nie.

1V. Daar was 'n tyd toe die Afrikaners dit roerend eens was: Liewers geen onderwys as neutrale onderwys. [2] Dit kom dan daarop neer dat met die saak gesloer is totdat die onkruid die oorhand gekry het, en nou sê Nepgen dat die Afrikaner met die bestaande toestand tevrede is.

V. Gestel dat Nepgen gelyk het, wil dit nog glad nie sê dat die volk gelyk het nie. Die "gewone burger" weet selde wat vir hom goed is en moet daartoe opgevoed word.

Vl. Nepgen se bewering bevat buitendien die kiem van verwarring. Wat bedoel hy met "Kerklik gekontroleerde skole"? Die kerk wil tog immers slegs mede- seggenskap oor die skool hê teneinde die godsdienstige gees daarvan, in die belang van die kinders van sy lidmate, te bepaal. Die kerk wil aan die keiser gee wat hom toekom, en aan die Here wat aan Hom behoort. Een van die vernaamste kampvegters vir die herlewing van godsdienstige onderwys d.m.v. die vrye groepskool sê: "As elke burger of groep

1). Nepgen: Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes, 179.
2). Theal: History of South Afriсa 111, 99.

burgers maar die onderwys kan reël soos dit hom of hulle belief, dan sal die nasionale opvoeding in soveel rigtings en afdelings versnipper word, dat van die nasionale eenheid niks tereg sal kom nie. Daar moet dus 'n sentrale beheer van die volksonderwys wees, en dit kan alleen berus by die nasionale owerheid." [1)]

Vll. Om genoemde redes maak die gewone Afrikaner dan die beswaar teen die neutrale staatskoolstelsel as sodanig nie, maar die gewone Afrikaner verwag wel deeglik 'n Christelike gees in die skool. Daarvan getuig die talryke klagtes van ouers as daar deur die onderwysers oor die tou getrap word.

Vlll. "Solank as die onderwysers maar mede-Afrikaners is wat die kerklike tradisies hoogag". ( Hy hoef dus nie juis 'n Christen te wees nie). Maar die kwessie is: is die onderwyser so? Wie het daarvoor gesorg, en wanneer?

## 6. DIE KERK SE AANSPRAAK OP MEDE-SEGGENSKAP OOR DIE SKOOL, GEBASEER OP PEDAGOGIESE BEGINSELS.

(a)

### 1. DIE DOEL VAN DIE CALVINISTIESE OPVOEDING.

Daar behoort eenheid te wees tussen die doel, inhoud en metode van alle onderwys. Die een moet die ander bepaal. In die Calvinistiese onderwysstelsel is dit, soos later sal blyk, definitief die geval.

Volgens Calvinistiese opvatting moet die skoolopvoeding en gesinsopvoeding mekaar aanvul en in dieselfde gees en lewensbeskouing geskied. Die eerste moet slegs die uitbreiding van die laaste wees. [2)] Die doel van albei instellings is dieselfde: die vorming van mense Gods wat God en naaste in liefde sal dien en eer. Bavinck sê: "En het ideaal eener Christelike opvoeding, in huisgezin, in lagere, middelbare en hooge school blyft nu als toen: waarachtige godsvrucht, organisch met degelyke kennis en echte beschaving verbonden. Zoo vormen my menschen Gods; tot alle goed werk toegerust; tot goed werk volmaaktelyk toegerust." [3)]

1). Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 225; Sien ook Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Pol, 83 et seq.
2). Coetzee: Vraagstukke van die opvoedkundige Politiek, 53.
3). Bavinck: Pedagogische Beginselen, 53.

Die huisgesin is egter om verskeie redes nie in staat om die kind so'n volledige opvoeding te gee nie. Die skool moet die huis veral met die wêreldlike onderwys bystaan. Dit is dan ook die skool se spesiale roeping. [1) Die skool moet die kind bekwaam en volmaak toerus vir die tydelike lewe, want die ouer beskik selde oor genoegsame tyd, kennis en bekwaamheid tegelyk om dit te kan doen.

Die skool is dan ook 'n wyer sosiale instelling as die huisgesin en dit moet die brug vorm tussen huisgesin en maatskaplike lewe. Die skool se besondere taak is om die kind voor te berei vir die Christelike maatskaplike lewe. [2)]

Ten slotte wil die Calvinis die "hele" kind opvoed. Al sy talente moet ontwikkel word en geen één mag in 'n sweetdoek toegedraai word nie. Ook mag die rede nie ten koste vandie kind se gemoedslewe beklemtoon word nie. Die mens het 'n sterk religieuse natuurdrif. Elke stelsel wat hierdie aangebore godsdienstige drang verwaarloos, voed die kind skeef op. [3)]

Die skool is die kweekplek van wat in die huis gebore is, en wat tot volle bloei sal kom in die kerk en die staat.

## 11. DIE LEERSTOF VAN DIE CALVINISTIESE GODSDIENS.

Die godsdienstige inhoud van die Calvinistiese onderwys sal bestaan uit Bybelstudie sowel as leerstellige onderwys. Wat egter die belangrikste is, is die Christelike gees dwarsdeur die skool en dwarsdeur die dag, en wát ook die onderwysvak mag wees.

Die grootste deel van die skool se werk sal egter beslaan word deur die wêreldlike onderwys, [4)] die doel waarvan niks anders kan wees as die van godsdienstige onderwys nie: om God te ken en te eer. Die inhoud van die wêreldlike onderwys leer die kind iets meer van die wonderlike bouwerk van die skepping en van die mens as kroon daarvan; sowel as van die diere, die plante en die lewelose dinge. [5)] Die Christelike leesstof sal nie baie verskil van die huidige nie - dis meer 'n kwessie van benadering.

1). Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Pol., 53
2). Ibid., 61.
3). Ibid., 67; Blamires: Repair the Ruins, 147, 148; Clarke: Essays on the politics of Education, 3.
4). Coetzee: Eerste beginsels van die Cal. Opvoeding, 53.
5). Ibid., 31.

Geskiedenis, tale en aardrykskunde, ( in sover die aarde die woon- en werkplek van die mens is), handel oor die mens. Die taalonderwyser kan sy onderwys laat beantwoord aan die Calvinistiese vereistes sonder om 'n duimbreed af te wyk van die gewone kursus. Let op die volgende sinne: Geluk is onbestaanbaar tensy dit deur minstens één gedeel word; Smart is nie ware smart nie, buiten dat dit absoluut alleen gedra word. Of jy nou glo dat jy dit kan doen en of jy dit nie glo nie, jy het gelyk. Jou mening omtrent ander is dikwels hulle mening omtrent jou. Ek wei met die sterre op die hemelvelde. Die ware maatstaf van ons rykdom is hoeveel ons sal werd wees as ons al ons geld verloor het. Hier is mooi voorbeelde van beeldspraak en vir sinsontleding, maar dit bied stof tot denke, skoonheidsvisioene en goedheid. Die taalonderwyser kan natuurlik dieselfde taalkundige doel bereik as hy op ou Bossie van die Bosveld konsentreer. Watter opstelle laat die onderwyser skryf? Liefde of Haat? Trou of Verraad? [1] By die studie van die natuurwetenskappe kom nog 'n groter bewondering, veral vir die wetmatigheid van die dinge wat Hy met Sy hande gemaak het.

Die vaardigheidsvakke rus ons vir die lewe toe en stel ons in staat om, soos Jesus self, 'n beroep te beoefen - ook tot die eer van God. Die Christen meng sy werke met idealisme: die stoele wat hy maak, is vir sy mede-Afrikaners om hulle te dien. Om daardie mooi tafel sal daar huisgodsdiens gehou word - of sal daar nie? Opvoeding is organies geworde kennis. [2]

Liggaamsoefening is die ontwikkeling van ons wonderlike liggame - die werk van God, die tempel van ons onsterflike siele. [3].

## 111. DIE METODE VAN DIE CALVINISTIESE ONDERWYS.

Na wat reeds onder ander hoofde in hierdie verband gesê is, veral i.v.m. Jesus se eie opvoedingsmetodes en die ou kerkvaders se opvoedkundige menings, wil ons hier veral die punte opsom wat nog nie behandel is nie.

1): Banks: Educating towards a Christian Society, 42.
2): Smuts: Godsdiensonderwys, 29.
3). Coetzee: Eerste Beginselen, 32 et seq.

Daar is wysgerig-godsdienstige grondslae wat die metode sal bepaal. So sal beide doel en metode beïnvloed word deur die beginsel, veral deur die Calvinis gehuldig, dat wat ek ook al doen, of ek nou eet of drink, ek dit moet doen tot eer van God.[1]

Die inhoud van die Woord van God moet opgevat word as openbaringsfeite waardeur die mens sy God kan leer ken. By die godsdiensonderwys moet kleurloosheid en neutraliteit deurgaans ontbreek.

Die onderwyser moet dieselfde godsdienstige lewensbeskouing hê as die ouer, sodat daar geen wrywing of teenstrydighede mag ontstaan nie. Nou word die kind deur die ouer aan die onderwyser afgegee, waardeur laasgenoemde met ouerlike gesag beklee word, en van sy kant vir die kind soos 'n ouer moet probeer wees.[2]

Die gesag is die deur God aan die ouer verleende gesag om waar nodig, volgens die Christelike beginsels te tug. Die grondslag van die tug is, in die skool soos by die huis, dat die kind sy vader en moeder moet eer, sodat sy dae verleng mag word in die land wat die Here sy God aan hom gee.[3]

Die calninistiese opvoeding verg dus gehoorsaamheid. Hoe sal die kind aan 'n onsigbare Opperwese gehoorsaam kan wees as hy nie geleer het om sy ouers en onderwyser onderdanig te wees nie? In die moderne skool is die neiging om die tug meer en meer te laat verflou: die individualiteit van die kind sal skade ly; hy moet uit eie wil en lus ontwikkel sonder die onderwyser se bemoeiing en indringing. Die Calvinis keur hierdie "Modernheid" baie sterk af. Die kind moet aanneem wat hom deur sy meerdere meegedeel word en as hy ongehoorsaam is, word hy gestraf.[4] Straf is 'n laaste middel in die poging om die kind te leer om verantwoordelikheid te dra en verantwoordelikheid kan alleen aangekweek word deur verantwoordelikheid te dra.[5]

Maar ook die straf is nie uit wreedheid of kwaad-

1). I Kor. 10: 31.
2). Bavinck: Pedagogische Beginselen, 16.
3). Coetzee: Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding. 38; Ds S.J. du Toit en die Onderwys, 39 et seq
4). Blamires: Repair the Ruins, 168.
5). Banks: Educating towards a Christian Society, 57.

willigheid nie. Christelike onderwys is 'n liefdestaak, op liefdesmetodes uitgevoer. [1]

Verder maak die Calvinis met dankbaarheid gebruik van die middele en metodes van die moderne onderwys, ( bv. die sielkunde, die rolprent ens), in sover hierdie dinge nie indruis teen sy Christelike lewensbeskouing nie.

(b) <u>DIE MODERNE OPVOEDING VERSUS DIE CALVINISTIESE OPVOEDING.</u> [2]

Op baie gebiede het die moderne opvoedkunde pragtige vordering gemaak. Die Christelike opvoeder maak dankbaar daarvan gebruik in sover dit nie teen sy godsdienstige beginsels indruis nie. Ons wil glad nie sonder meer alles wat modern is, verwerp nie, maar slegs die beginsels daarin aanval wat die Calvinis teen die bors stuit.

1. Die moderne opvoeding plaas die mens op 'n voetstuk en verheerlik hom. "Die middelpunt van die nuwe opvoeding is die mens, in Casu die kind; die uitgangspunt van die opvoeding is ewe-eens die mens; die doelpunt van die opvoeding is nogeens die mens." [3] Die mens kan nie bekostig om as skepsel homself eerste te stel en die Skepper heeltemal buite rekening te laat nie. Die Calvinisme beskou die mens as nietige afhanklike van die genade van God, aan wie hy dan, ook in sy opvoeding, alle eer en toewyding moet bewys. [4]

11. Die moderne opvoeding verwag van die jong kind wat mens dikwels nie by die volwassene aantref nie: selfbeheer en selftug. Dat hierdie teorie van selfbestuur, selfontwikkeling, selfdissipline, selfwerksaamheid en selfalles in praktyk maar ellendig werk, word bewys deur die oorgrote meerderheid van suksesvolle skole. Hulle dien straf - gewoonlik liggaamlike straf toe. Van die teorie van vryheid en selfontwikkeling kom in die praktyk weinig tereg.

111. Die Calvinis erken geen vryheid om kwaad te doen nie. [5] Sodra 'n kind kan onderskei tussen goed

1). Smuts en v.d. Merwe:Ons Jeug en hul Geestelike Opv. 34,35
2). Coetzee: Moderne Opvoeding, 36 et seq.
3). Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 36.
4). Bavinck: Pedagogische Beginselen, 29.
5). Osborne: Christian Ideas in Political History, 264.

as die wil van God en vice versa, is hy strafbaar vir willekeurige oortreding. Vryheid is iets wat verdien moet word. Daar is slegs vryheid binne die perke van die wet van God.

Die moderne opvoeding sê egter dat die kind sy eie ontwikkeling moet uitwerk, want sy ewolusie moet van binne kom. As dit van buite deur meester gevorm word, word sy self-ontwikkeling, sy persoonlikheid, sy individualiteit, sy leierskap en vryheid belemmer.[1] Ons kan in hierdie beperkte ruimte geen kritiek op die moderne sielkundes aandurf nie, temeer omdat dit die moderne sielkundes is: daar is nog geen finaliteit nie. Banks sê dat die jeug en veral die jong onderwysers vergas word op " a behaviourist psychology based on mechanistic principles presenting a materialistic determinism under an attractive ultrascientific dress, which has made them eager to disown such a Victorian incubus as a soul".[2]

IV. Die moderne onderwyser stel alles so maklik voor. Elke taak word vergemaklik en elke probleem versuiker waar dit moontlik is. Die kind se lewe en studie is vir hom 'n gedekte tafel, met 'n maksimum van speel en 'n minimum van werk. Die Calvinis erken die waarde van spel, maar weier beslis om die kind die voorreg te ontneem deur alle moeilikhede uit sy weg te ruim.

V. In die lig van die doopsgelofte en op grond van die feit dat die ouer of onderwyser met sy lewenservaring, sy ontwikkelde denkvermoë, sy besef van hoër dinge, verantwoordelik is vir die kind, moet hy die leiding neem en nie slegs op die agtergrond bly nie. Dis juis die abstrakte, die ewige dinge, die waarde-etiek wat vir die kind moeilik is om te verstaan. Waar ons opvoedingsbeginsel dus, volgens die moderne pedagogiek, moet wees: glo niks wat jy nie kan bewys of ondervind nie, is die godsdiens vanselfsprekend op sand gebou. Die Calninistiese onderwys erken gesag en as hierdie gesag geminag word, kan daar gestraf word.[3]

1). Vgl. Nunn: Education, its Data and First Principles, en 'n mooi kritiek daarvan in Clarke: Essays on the Politics of Education, 6 et seg.
2). Banks: Educating toward a Christian Society, 41.
3). Blamires: Repair the Ruins, 168, 164; Osborne: Christian Ideas in Political History, 301.

Vl. Die moderne pedagoog wy graag uit oor die ontwikkeling van die hele kind. Dis tog 'n aangename sielkundige feit, dat die mens 'n sterk religieuse drang het.[1] As die hele kind ontwikkel moet word, waarom verwaarloos die moderne opvoeder dan hierdie kragtige natuurdrang? Want by die moderne opvoeding is godsdiens óf bysaak óf geen saak.

Vll. Die Calvinis mag ook tereg die moderne opvoeder beskuldig dat hy die rede - ontwikkeling beklemtoon ten koste van die gevoels- en wilsaspekte van die kind se geestelike samestelling. Moderne opvoeding is 'n verheerliking van die rede. Die gevolg: die mens maak 'n God van homself en 'n vraagstuk van God. Rasionele ontwikkeling is onontbeerlik, maar dit moet die mens nie aan sy siel skade laat ly nie. En tog wek die moderne materialisties-rasionalistiese onderwys geen oorspronklikheid, geen ontdekkende denke nie. Die groot onderwysdoel - dat die kind tog siende mag word, word verongeluk, omdat die onderwyser, in sy haas om meer feite tuis te bring, die skone, die goeie en die groot ewige waarhede skei van sy feite-onderwys, sy eksamen-onderwys. Ons onderwys is reproduktief, memoriserend en begrypend, maar nie skeppend-produktief nie. Ons kinders leer verstaan, maar nie <u>dink</u> nie.[2] Die vakke word geïsoleer, die feite met oorsaak en gevolg gestudeer volgens die analitiese en abstrakte metode van die wetenskap, en die sintetiese en kronkrete standpunt van die filosofie ( en die godsdienstige onderwys) is vreemd aan die moderne wetenskaplike onderwys.[3] Dis dáárom dat skoolkinders dikwels kla dat hulle binne 'n jaar nadat hulle die skool verlaat het omtrent alles vergeet het.

Vlll. Moderne opvoeding het die materialistiese weg ingeslaan en reeds baie ver daarop gevorder. Die Christelike opvoeder verwaarloos nie die materiële nie, maar verhoog die betekenis daarvan, want dit blaas daar asem in en vergeestelik die stof. Dit skep 'n ligkrans van goddelike idealisme om die alles van die skepping eerder as vaardigheid en doeltreffendheid sonder meer.[4]

1). Ibid., 1; Blamires, 147, 148; Meiklejohn and Smith : Religion and Education, Vlll.
2). Banks: Educating toward a Christian Society, 54.
3). Clarke: Essays on the Politics of Education, 10.
4). Ibid., 3; Blamires: Repair the Ruins, 3, 48 et seg.

Ons staan op die kruispad tussen 'n materialistiese en 'n idealistiese beskawing. Die meganiese mens, die outomaat, dreig om ons in sy ystergreep te verwurg. Die teenstelling tussen die worstelende gees en die onverbiddelikheid van 'n meganiese stelsel laat die jeug sidder. Maar deur selfkennis, simpatieke samelewing met ons medemens en aangename deelname aan 'n kulturele erfenis van kuns, letterkunde en musiek moet die mens weer vertroue kry in die menslike gees. "Then, with recovering sight, he will come to see in Man's spiritual achievement a reflection, as in a mirror darkly, of the Creative Spirit of the Divine Reality."[1]

IX. Daar is eenheid in Christelike opvoeding, omdat daar 'n spil is waaromheen alles draai. Hierdie eenheid bestaan nie net t.o.v. ouer, onderwyser en kind nie, maar ook t.o.v. die leerplan. Die Christelike opvoeding gaan uit van 'n lewensbeskouing, wat die doel, middele en uitgangspunt daarvan bepaal. Maar die moderne opvoeder het van sy ankers losgeruk. By hom is daar slegs ontwikkeling, ewolusie van die self, deur die vryheid van die self, na 'n onbekende iets daarvoor.[2] Hierdie eenheidsmotief werk ook na buite: dat almal een mag wees, net soos U Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees...[3] Die moderne opvoeding soek tog 'n ideologie of beginsel as lewensbeskouing, wat dan moet dien as die sement om die losstaande vakke en menings saam te smee en aan die doelloosheid rigting te gee. Dit mag die skone beginsel van nasionalisme, van bloed en aarde wees, of die sosialisasie van die gees. Ons het reeds elders probeer aantoon hoe leeg hierdie pogings is.

XI. Dan is daar nog die beskuldiging dat die godsdiens swakkelinge vorm. As die groot hervormers en die martelare dan 'n laisses faire opvoeding geniet het, sou hulle veel meer sukses gehad het!

Die Christen se kenmerk is sy gehoorsaamheid,

1). Banks. Educating toward a Christian Society, 40, 41
2). Blamires: Repair the Ruins, 10; sien ook 3.
3). Joh. 17:21.

eers aan die gesag van God en dan aan almal aan wie God gesag verleen het. Hierdie gehoorsaamheid is egter nie uit swakheid gebore nie, maar uit krag. Dis juis wat die staat die nodigste het: burgers wat onderdanig is solank as die bevele nie met die wil van God bots nie.

XII. In die godsdienstige onderwys is daar stabiliteit sonder dat dit vasklem aan die verouderde. As ons die niegodsdienstige strominge nagaan, vind ons 'n uiteenlopende verskeidenheid van stelsels, sommige waarvan presies teenoorgestelde rigtings inslaan. Hoewel die kerk byna elke nuwe voortwaartse beweging in die opvoeding in Suid-Afrika aangevoor het, bly die lewensbeskouing waaronder die ontwikkeling plaasvind, altyd dieselfde. [1]

XIII. Laat ons nou kortliks die meer spesifieke leerstof bespreek in die lig van die besware wat ons opgenoem het.

Christelike onderwys raak die bronaar van wat skoon, waar en goed is in mens en natuur. Etiese vakke verruim die blik, werk vermensliking in die hand; verhef die soeker bokant die slawerny van die natuur en die tydelike. [2]

Die estetiese - die begrip van die diepere skoonheid - is volgens Christelike opvatting Goddelik. [3] Liefde is 'n bestanddeel van alle kuns. Kuns is nie reduseerbaar tot die weergawe van die natuur nie - dis fotografiese reproduksie. Vir die Christelike opvoeding is dit ook nie die ontboeseming van 'n ongebalanseerde gevoelsmens nie, maar " thefinger of God touches man from outside the confines of nature so that in art we see the impression of the divine touch" [4]

Die Christelike onderwys sien die kind en sy ontwikkeling in die lig van die ewigheid. Die ekonoom sien dit in die lig van vaardigheid, nuttigheid, produksie vir tydelike gewin. Die gees word ondergeskik aan die utiliteitsbeginsel. [5]

1). Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys Dl. 1.
2). Bavinck: Pedagogiese Beginselen, 29.
- Blamires: Repair the Ruins, 137.
2). Ibid., 149.
3). Ibid., 151.
4). Blamires: Repair the Ruins, 63, ook 55 et seg.
5). Ibid., 4 et seg.